Verwysing: 20211020-6842
Lêerno.: 11/1/4
Navrae: R Larney

Inrigtingsontwikkeling- en Koördineringminuut 0004/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Vakadviseurs, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Onderwerp: Die verkiesing van nuwe lede vir die Provinsiale Prinsipaalsforum (PPF) in Januarie 2022

1. Die Provinsiale Prinsipaalsforum (PPF) bespreek aangeleenthede van gemene belang tussen die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) en prinsipale se verteenwoordigers om die gehalte van leer en onderrig by skole wat onder die beskerming van die WKOD val, te verbeter.

2. Die twee-jaar termyn van die huidige PPF-verteenwoordigers sal aan die einde van 2021 verstryk. Die WKOD wil graag al die lede wat in die huidige termyn gedien het, bedank vir hulle uitnemende leierskap en die bydraes wat hulle gelewer het om hulle algehele doel van die ontwikkeling van vennootskappe vir onderwyshervorming en die verskaffing van beter gehalteonderwys te bereik. Die forums was middelpunte van opbouende interaksie op kring-, distriks- en provinsiale vlak.

3. Distrikte en skole word herinner dat kringe en distrikte nuwe voorsitters en ondervoorsitters vir 'n nuwe twee-jaar termyn wat aan die einde van 2023 sal verstryk by hulle kring- en distriksforumvergaderings aan die begin van 2022 moet kies. Een van die twee verkose kring- en distrikprinsipaalsforumlede moet van 'n laerskool afkomstig wees en die ander van 'n hoërskool.

4. Bylae A verskaf die raamwerk om leiding aan die nuwe forumlede te gee.

GETEKEN: HA LEWIS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING
DATUM: 2021-10-20